

Opstandingsfees
27 Maart 2016 1 Kor. 15:1-11

Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het en waarin julle ook gevestig staan. Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom.

Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit:

Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Petrus verskyn, daarna aan die twalf, en daarna aan meer as vyfhonderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. Heel laaste het Hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn.

Ek is immers die geringste van die apostel en is nie werd om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die kerk van God vervolg het. Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; intendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; tog was dit nie ek nie, maar die genade van God wat by my is. In elk geval, of dit ek is of die ander apostels - dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het.

Here, Heilige Gees, kom en open vir ons die Skrif sodat ons kan aangee wat U vir ons gegee het.

Liewe gemeente,

het jy mooi geluister? Want dit gaan hier oor jou en my toekoms. Nie meer lank nie, 10 of 50 jaar of nog meer, en niemand van ons sal meer hier op aarde wees nie. Waar is ons dan? Daarom mag niemand die boodskap van die nuwe lewe in Christus minag nie want dit maak (verskoon die uitdrukking maar vandag is hy van toepassing) 'n helse verskil. Oor en oor lees ons dwars deur die Nuwe Testament dat hierdie punt deel is van die saligmakende geloof: dat God vir Christus uit die dood opgewek het. En welliswaar liggaamlik, fisies en geestelik. En as Jesus Christus uit die dood opgewek is, dan sal ook ons wat met Christus verbonde is, ook saam met Hom verheerlik word.

Die opstandingslewe, so getuig ons dit by elke doop, is reeds in ons ingeplant. Ja, ons liggaame sal een-of-ander tyd soos 'n saad in die grond gebêre word; die liggaam sal vergaan (aarde tot aarde, as tot as) maar dit is dáárdie saad wat weer soos 'n nuwe plant sal uitspruit en in God se Koninkryk vir ewig lewe. Só tenminste beskryf Paulus later in hierdie groot hoofstuk vir die gemeente waar hulle begin wonder het, watter vorm sal dan die nuwe opstandingsliggaam wees. Paulus verduidelik, soos die saad wat in die grond ingaan en jy sien niks meer nie, maar uit die saad kom 'n heeltemal ander gestalte van 'n plant, so sal ook ons nuwe liggaam 'n heeltemal ander vorm verkry. Hoe presies dit sal gebeur, laat ons aan die Heilige Gees oor. Maar onthou, die Heilige Gees is nou reeds in ons liggame aan die werk. Hy is die waarborg, die seël, die onderpand, die eerste betaling waarop die res van die uitbetaling ook nog sal volg. En die beste aanduiding van hoe ons liggame sal wees, is Jesus Christus se verskyning aan die vrouens en die dissipels in die eerste tyd na die opstanding - dit is 'n verheerlike liggaam nie meer gebonde aan tyd en ruimte nie, nie meer onderworpe aan siekte, sonde of verval nie. *Is iemand in Christus, dan is hy nou reeds 'n nuwe skepping. Die ou dinge gaan verby, die nuwe het reeds gekom* (1 Kor 5:17).

Dit is die getuienis van die Apostels, lieve gemeente. Getuies getuig. En ons hoor die getuienis van hierdie blymakende Boodskap (=Evangelie). En terselfdertyd word ons uitgedaag om stelling in te neem: **glo jy dit?**

En met “glo jy dit?” bedoel ons nie maar 'n algemene, wankelrige geloof nie soos wanneer ons sou vra: glo jy, dat dit more sal reën? Dan antwoord mense: wel, die wolke hang laag, miskien ja, maar die wind waai, so miskien nee.

Nee, ons bedoel die vaste versekering en onwrikbare vertrouwe dat God nie lieg nie. Ek werp my hele lewe in hierdie woord en weet verseker: Ja, Christus leef en saam met Hom tot in ewigheid! Amen. Ja, dit is waarheid.

En tog ontstaan twyfel. Nie elkeen kan sondermeer die getuienis aanvaar nie. Veral tegniese mense, ingenieurs, intellektuele mense vra na bewyse: ek wil sien voordat ek glo. In die gemeente van Korint was daar ook talle liggelowiges wat sommer enige iets geglo het sonder enige staving van hul' standpunte. So, Paulus neem dit ernstig op. Vir 'n hele hoofstuk lank, amper 60 verse verduidelik hy tree-vir-tree. Dit sal goed wees om as huiswerk vanmiddag of vanaand die hele hoofstuk 1 Kor 15 deur te lees.

Hoe gaan Paulus te werk om die opstanding van Christus te verduidelik? Hy begewe hom so te sê in 'n hofsaak. Julle Korintiërs kan maar as regter optree; ek, Paulus, sal julle die nodige bewyse lewer.

En dan beroep hy homself op drie ja eintlik vier getuies. Want sien, so was die logiese argument van die antike wêreld dat **wanneer 'n saak deur twee of drie getuies gestaaf is, dan is dit 'n feit**. Wanneer 'n klag teen iemand deur twee of drie getuies bevestig word, dan is die aanklag (of tewel die vryspraak) gegrond. Wie kan dan van die opstanding getuig?

Eerstens noem Paulus die skrifte, dws die Ou Testament.

Elkeen kan lees wat reeds eue lang vooruit gesê is dat daar 'n Messias, die Christus sal kom, en dat Hy vir die sondes van die wêreld sal sterf. Ons dink hier aan Jes.53, aan Jer.31 en talle ander plekke (vgl.Joh.19:36v) waar God die Verlosser belowe. Christus is hierdie ene wat God gestuur het om vir die sonde te sterf.

Die geskifte getuig ook dat Jesus begrawe sal word én op die derde dag sal opstaan (Hosea 6:2; Lk.24:27+44v).

Hierdie drie punte - dood, begrafnis en opstanding - het deel gevorm van die basiese belydenis van die eerste kerk. Hulle verkondig dat God presies gedoen het wat Hy belowe het. Die Skrif is vervul. God het sy aangekondigde plan enduit deurgevoer.

As tweede getuie noem Paulus al die ooggetuies wat Jesus liggaamlik, sigbaar gesien het. Daar het ons vir Petrus en die 12 (of was dit 11 dissipels? Paulus bedoel Jesus se nasste volgelingen), en dan meer as 500 broeders tergelyk. Ons weet vandag nie meer by watter geleentheid Jesus Homself aan 500 mense verskyn het nie maar dit is ook nie ter sake nie. Ten minste is daar oorweldigende getuienis ten gunste van Jesus se liggaamlike verskyning. Ons het Hom gesien, gevoel; Hy het voor ons geëet, met ons gestap en gepraat. Ons kon nog alle vrouens ook opnoem... en laastens maar nie die minste nie, het Paulus ook die verrese Here gesien.

Ja eintlik was hy 'n sogenaamde misgeboorte, maar dit sê in die oorspronklike taal, 'n *ontydige* geboorte. Hy sê hy het die hele lewensverhaal van Jesus net-net gemis; Paulus was nie daar toe Jesus opgestaan het nie, maar later het Jesus ook aan hom verskyn - en dit weet Paulus, het hy eintlik nie verdien nie. Hy was nog besig om die getuies van die opstanding te vervolg en te vernietig. Hy was nog in die waan dat alle godslasterlike Christene uitgeroei moes word. Vir hierdie misdaad teen God moes hy eintlik ook gestraf word, maar God het hom in genade voor die poorte van Damaskus ontmoet, vir hom die nuwe werklikheid gewys en hom in sy diens geroep. Hy wat Christus gehaat het, is radikaal verander tot vuurige evangelis en sendeling. Hyself Paulus, het die genade aan sy eie liggaam ervaar. Daarom kan hy nie anders as om van die opstandingskrag te getuig nie.

Nou is Paulus self een van die ywerigste getuies van die opstanding. Nadat hy Christus ontmoet het, moes hy eers leer wat en wie Christus is. Drie jaar was hy in opleiding voordat hy begin reis het. Daarom gee hy net aan wat hy ook van die eerste getuies af ontvang het. Maar juis in hierdie getuienis lê die krag in verborge van die ene, van wie daar getuig word: Christus self leef deur hierdie getuienis voort.

En terwyl hy al hierdie dinge verduidelik, kom Paulus by die derde getuies uit: dit is die gemeente. Julle self het mos tot geloof in die verese Here gekom. Julle glo vas dat die gestrifte waar is; julle is die lewende getuies van die opstanding van Christus.

Dieselfde kan van alle gemeentes ten alle tye gesê word. **Julle gemeente hier in Pretoria is die lewende bewys dat dit waar is, wat daar geskrywe staan.** Julle het tot geloof gekom. Julle bely dit elke Sondag in die erediens met die woorde van die geloofsbelydenis. Maar julle sê dit nie net met die mond op nie, julle neem nie net kennis van die Paasgebeure nie, julle self leef dit wat Christus geleef het. In julle is Christus werksaam. Deur julle lewer Christus self getuienis in hierdie wêreld wat Hom só nog nie ken nie.

Daarom is die oproep des te dringender, om dit nie slegs in die kerkgebou te bely nie, maar om hierdie getuienis oorals uit te dra, waar julle ook al beweeg.

Liewe gemeente, die Here werk soms op bonatuurlike en wonderlike maniere met mense (soos by Paulus die geval was), maar gewoonweg **ontstaan die geloof in Christus juis deur die getuienis van die gemeente**: Só het julle dit ontvang en het julle geglo. Só getuig julle ook van Christus en sal ander ook in die geheimenis van Christus ingetrek word.

Sê dit vir diegene wat beangs is, dat Christus hulle vrede is.

Sê dit vir diegene wat voor die poorte van die dood staan dat die opstandingslewe in sy volle heerlijkheid aanbreek.

Sê dit vir diegene wat meen dat God hulle verlaat het, dat Christus vir altyd met hulle is.

Sê dit vir diegene wat die gebrokenheid van die wêreld aan hulle eie liggaam ervaar, dat Christus die volmaakte ook hulle Heer en Heiland is. Hoe sê hulle: moenie aan die Here sê hoe groot jou probleme is nie; sê vir jou probleme, hoe groot die Here is.

Ja, sê dit in elke lewensomstandighede is dat Christus die oorwinning behaal het. Sê dit midde in 'n verganklik wêreld in en laat God aan die werk spring om deur jou getuienis die nuwe lewe tot stand te bring.

Ons sluit af: Later redeneer Paulus in hierdie hoofstuk ook negatief: as Christus nie opgestaan het nie, dan is daar geen Verlosser nie, dan bly die sonde, dood en duiwel, dan sal ook julle nie opstaan nie, dan het God gelieg en ons getuienis is 'n drogbeeld, dan is ons die elendigste van alle mense. Maar nou het Christus opgestaan! Daar is lewe en saligheid, daar is vergifnis en hoop op 'n toekomstige heerlijkheid wat reeds vir ons gereed gehou word. Leef dan as verlosdes in die Here. God se nuwe skepping is nie êrens anders op 'n ander planeet of in die idee-wêreld nie, maar hier in ons midde. Die verrese is hier en nou teenwoordig. Glo dit met jou hele verstand, van harte en met jou hele wese dat Jesus Christus die Koning is. Die Here het opgestaan! Hy het waarlik opgestaan. Halleluja. Amen.

Mag die krag van die verrese Here, en die vrede van God wat meer is as enige iets wat ons ooit ten volle sal kan begryp, julle vashou en bewar in Christus Jesus, onse Here. Amen.